**Maandag 21 April**
**Skrifgedeelte: Psalm 119:97-104**
**Fokusgedeelte: Psalm 119:97-98 (AFR2020)**
**Liefde vir God se Woord bring wysheid en insig!**

Soek jy meer wysheid? Verlang jy na ’n dieper insig? Die Here leer ons hier dat wie sy Woord bestudeer en gehoorsaam daaraan leef, wyser word en meer insig kry in dinge wat vir ander duister is.

So ’n gesindheid van ’n getroue Bybelstudent vind ons by die digter van Psalm 119. Sy liefde vir God se wet strek veel dieper as net ’n oppervlakkige vroomheid. Dit is ’n passie wat sy siel voed en sy gedagtes dag en nag besig hou – daarom raak hy wyser as sy vyande, verstandiger as sy leermeesters en het hy meer insig as oumense.

Hoe lyk jou gesindheid teenoor God se Woord? Het jy sy wet lief? Bly die Here se woorde in jou gedagtes, en praat jy gedurig met jou kinders daaroor? Is die Here se wet die rigsnoer vir jou hele lewe?

God se wet is nie net ’n stel reëls nie, dit is die bron van wysheid wat ons tot die wonderlikste insig kan bring. Wie erns maak met die wet van die Here, sal hulle sondige natuur beter leer ken en met groter verlange na die vergewing van sondes en na die geregtigheid in Christus soek.

Mag ons vandag en elke dag streef na ’n dieper liefde vir God se wet. En mag die Heilige Gees ons so help en lei dat ons die Here se wet nie net sal ken nie, maar sal leef sodat ons op so ’n wyse getuies mag wees van sy wysheid en genade!

*Sing: Psalm 119-1:37, 38*

*Ds. FJ (Fritz) Potgieter (Bloemfontein-Suid)*